Arkab Arabier Stoet
Perdry Sentrum

Posbus 673
Belfast
1100
Sel (073) 1609748
Nellie 083 451 9121
Faks 086 594 3885
e-pos: arkab@lantic.net
nellie.arkab@telkomsa.net

Beste Ryskool Vriende

Datums vir 2012:
31 Okt- 4 Apr, arriveer Vrydag 30ste
1-5 Okt arriveer Sondag 30ste Sept
10-14 Des arriveer Sondag 9e
17-21 Des arriveer Sondag 16e
Gevorderd: 4-9 Januarie(R 1350) arriveer Donderdag 3e

Om jou plek te verseker, moet die volle bedrag met bespreking inbetaal word en die bewys van betaling met vrywarings vorm na Nellie gestuur word. Indien minder as 3 weke kennis gegee word vir kansellasie, verbeur u 50% van die bedrag, indien meer as 3 weke, verbeur u R50 om ons kostes te dek. Skakel asb indien u verskuiwings wil maak, ek sal u sover moontlik tegemoet probeer kom.
Die ryskool begin gewoonlik op die Sondag (of die dag voor die begin datum) en kinders kan van 15:00 arriveer. Daar word 'n skou gehou op Vrydag om 13:00, almal is welkom om te kom kyk wat hulle in die week geleer het.
Die koste verbonde aan die ryskool beloop **R1500.** Dit sluit in verblyf en alle etes. Daar is 'n snoepie waar hulle versnapperinge kan koop teen billike pryse.

Hier is 'n lysie van wat u kind nodig het vir die week. Merk asb hulle klere – hier is alweer 'n laai vol ryskoolklere sonder name!
Basiese gemaklike klere en onderklere. Toiletbenodighede.
Rybroek/sweetpak/denims. 'n Rek onder om die voet word aanbeveel.
'n Ryhoed wat styf pas. 'n Hardehoed is verpligtend vir D3 klas en hoër.
Broekiekouse (pantihose) voorkom skaaf.
Skoene, verkieslik met 'n gladde sool en 'n hak, bv. skoolskoene.
Lip-Ice en sterk sonweermiddel.
Anorak/windbreker.
Handskoene en warm klere vir die winter.
Swemklere/kortbroek vir die somer.
Slaapsak en kussing.

Aantekeninge :- 'n nuwe stel kos R50.00 en meer, die eerste stel is gratis.
Nuwe ruiters :- Lêer vir aantekeninge, lineaal en potlood.

Ruiters met eie perde moet ook die volgende saambring:-

1. 'n Toom – gemerk
2. Saal
3. Halter met leiriem – gemerk
4. Sagteborsel, roskam en hoefkrapper, gemerk en in 'n sak/emmer.
5. Stalperde moet hulle eie kragvoer en hooi hê. Hooi kan voorsien word as vooraf reëlngs gemaak is. Indien die perd op stal moet slaap sal dit R10.00 per nag kos.

Belangrike boodskap aan alle leerlinge wat hulle eie perde bring: Alle perde moet ingeënt wees teen perdegriep (Equine influenza) en die Herpes virus voor bywoning van die ryskool; Indien nie, woon by op jou eie risiko!
Ek hoop almal vind hierdie jaar se ryskole 'n genotvolle en leersame ervaring.

Groete,
Janita en Nellie

NB: Mediesefonds houers moet asb. afskrifte bring van die Hooflid se ID en die mediesefonds kaart.

Betalings aan: Arkab Ryskool
FNB Belfast
Rek nr. 62167697493
Tjek rekening



Arkab Arabier Stoet
Perdry Sentrum

VRYWARINGS VORM

Ryskool datum: _____

Ruiter naam: _____ Geb. Dat: _____

Ruiter naam: _____ Geb. Dat: _____

Ruiter naam: _____ Geb. Dat: _____

Ouer/voog: _____ Noemnaam: _____

Pos Adres: _____ Noemnaam: _____

_____

_____

Kode: _____

Tel. Huis: _____ Werk: _____

Sel: _____ Faks: _____

E-pos: _____

Fonds hooflid: Voorletters: _____Mnr/Me_____ID_____

'n Fotostaat van hooflid se ID en die fondskaart sal baie waardeer word. Dan is die onderstaande nie nodig nie.

Afhanklike reeks nr. _____

Mediese Fonds naam: _____ Opsie_____

Mediese Fonds nommer: _____

Allergieë ens. _____

Nuwe ruiters- meld vorige ondervinding, indien enige _____

_____

_____

_____

Hiermee verklaar ek, die ondergetekende dat ek of my kind/voog op eie risiko deelneem aan die ryskool. Ek verstaan dat perde soms buite die norm optree en dat dit 'n hoë risiko sport is. Mev. Doyer of enige een van haar assistente, helpers of werknemers sal onder geen omstandighede verantwoordelik gehou word vir ongelukke of verliese tydens die ryskool nie. Dit geld ook vir my perde en rytoerusting.

Geteken: _____ Datum:_____